



Koos en
Roof kuier
tesame
Bl. 5



Bedees en
bedruk ná
'Ongenade'
Bl. 3



Ronelda
reis verby
Grabouw
Bl. 14

Jaargang 2 Uitgawe 2
ink

R5

Dinsdag

8 Maart

2016

Werk Fiela nou?

Klassieke stuk
kort nog
skaafwerk
Bl. 6



FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Trotse borg en lid van die

W O R D F E E S - F A M I L I E

MEDIA 24

Ons verryk lewens 24/7

" SY VANG DIE WOORDE
IN HAAR NET
SLYP HAAR WOORDE
TEEN DIE ROTS
SY BAK HAAR NOORDE
IN DIE VUUR
EN DIE NOORDEWIND KOM
EN HAAR WOORDE WAAI VER
HAAR WOORDE WORD SAAD
DIE SAAD WORD 'N STER "

- AMANDA STRYDOM,
BOORD VAN NOORDE

Elke woord is 'n meesterstuk.

Kom luister na die stroopsoet klanke en
bittermooi lirieke van onder andere
Amanda Strydom, Die Heuwels Fantasties,
Koos Kombuis en Francois van Coke.
Die 2016 Sanlam Musiekfees, 4-13 Maart.

www.sanlam.co.za/sponsorships



Universiteit Stellenbosch
Woordfees

in trotse samewerking met

Aktueel, maar meedoënloos

Disgrace van J.M. Coetzee is een van die mees ongenaakbare, uitsiglose boeke wat ek in my dag des lewens gelees het. As letterkundige werk word dit natuurlik baie hoog aangeskryf, en dit verstaan 'n mens in 'n mate.


Tog wonder jy waarom iemand hulle genoop sou voel om dié werk op 'n verhoog aan te bied – daardie magiese ruimte waar jy 'n spieël ophou na die samelewing, hopenlik sodat dié refleksie 'n sprankie hoop êrens sal ontken of minstens die moontlikheid van 'n greintjie genade sal bied. Indien nie, kan jy maar net sowel op die rand van die hel gaan lê, waar of wat dit ook al is, en jou in der ewigheid in die niks en nikswees vasstaar.

Twee Nederlanders, Josse de Pauw en Luk Perceval, het wel anders gemeen en die roman in 'n toneeltekst genaamd *In ongenade* verwerk. Dit is in Nederland opgevoer en met gloeiende resensies begroet. Plaaslik doen Saartjie Botha die vertaling uit Nederlands en die verdere verwerking daarvan vir Jaco Bouwer se produksie met dieselfde titel. Die reaksie op dié weergawe is egter gemeng.

Die tydsberekening van *In ongenade* kon kwalik meer gepas wees. Die universiteite is brandpunte van politieke protes, dodelike geweld en misdaad is daaglikse disse waaraan almal wurg, en vroue dra meestal die ongenadige las van verkrachting en verguising. Die verhaal van 'n professor wat in onguns verval weens seksuele misdrywe en dan by sy dogter op haar plaas in die Oos-Kaap gaan woon waar hulle die slagoffers van geweldsmisdaad word, is dus iets wat aan die gehoor welbekend is.

J.M. Coetzee se hoofkarakter, prof. David Lurie (Gerben Kamper), is egter 'n karakter ontdaan van enige karaktereïenskap wat jou sou noop om hom as mens te ag. Enige menslikheid word verswelg deur 'n onboetvaardige narcissisme. Lurie is 'n dosent in kommunikasie, maar sy bothed en halsstarrigheid is kwetsend en afbrekend. Soos 'n roofdier maak hy onbeskaamd op jong meisies jag en skryf dit toe aan sy natuur en drange. Om alles te kroon, bly hy salig onbewus van sy eie huigelagtigheid in die draai van die verkrachting van sy eie dogter, Lucy (Tinarie van Wyk Loots).

Bouwer is 'n uitnemende regisseur, maar 'n mens wil amper waag om te sê hy is te veel van 'n mens om van hierdie werk iets toeganklik te maak wat jou op die een of ander vlak sou kon raak. Hy probeer die aspekte ontgin wat dit sou kon doen – 'n liefde vir diere of die medemenslikheid van karakters soos Bev (Nicole Holm),



Prof. Lurie se dogter Lucy (Tinarie van Wyk Loots) se transformasie is eg.

Petrus (Jerry Mofokeng), die prostituut Soraya (Bianca Flanders) – maar verniet.

Soos gewoonlik is sy stelontwerp fassinerend, met houtpaneel oor die verhoog wat aan hake hang soos vleis in 'n slaghuys en as hokke, afskortings en selfs wapens dien. Die tonele waar hy die ruimte agter die panele gebruik, daar waar

die gehoor net gedeeltelik kan sien, is besonder treffend. Dit is juis waar die ergste vergrype, maar ook die grootste blyke van menslikheid plaasvind. Dié tonele herinner aan die woorde dat ons nou sien “soos deur 'n spieël in 'n raaisel” en daardie verskynsel gaan gelukkig ook gepaard met die vertroosting dat ons “eendag ten volle sal ken”.

Pierre-Henri Wicomb se onthutsende en sinistere klankbaan komplementeer Bouwer se benadering by uitstek en skep klankkleure en -aksente wat deurgaans die gebeure en emosies ondersteun.

Die probleem lê nie net in die meedoënloosheid van die hoofkarakter nie, maar dat hy ook die verteller is en die gehoor dus gedwing word om die verhaal as't ware deur sy oë te beleef. 'n Mens bestee 'n groot deel van jou toneelbelevens om daardie aspek te probeer afskud.

Die akteurs vaar oor die algemeen goed, maar hul karakters laat jou op die ou einde koud. Kamper het die moeilikste taak weens die omvangrykheid van sy dialoog. 'n Mens kry die gevoel dat sy karakter dalk 'n bietjie gemakliker sal sit sodra die stuk meer ingespeel is, maar dan is daar nog die kwessie dat 'n akteur tog iets in sy karakter moet vind waarmee hy hom kan vereenselwig. Met Lurie moet dit baie moeilik wees.

Van Wyk Loots se transforma-

sie van argelose diereliefhebber na 'n getraumatiseerde, gebroke vrou is bewonderenswaardig en eg, hoewel Lucy se onverklaarbare besluite ná die inbraak ook net deur Coetzee verstaan sal word. Holm se vertolkings is altyd sonder pretensie. Dis waarskynlik aan haar te danke dat Bev oorkom as die naaste van al die karakters aan 'n regte mens, hoewel Flanders ook goed daarin slaag om empatie te wek vir haar karakter. Aphiwe Livi en Athenkosi Mfabela het die onbenydenswaardige taak om die jong inbrekers uit te beeld, wat hulle puik doen, terwyl Trudy van Rooi en Charlton George onderskeidelik knap diens doen as die verkrachtingslagoffer en haar pa.

Bouwer en sy groep spelers kan hulself gerus op die skouer klop, want hulle het tog daarin geslaag om die gehoor bedees en bedruk by die deur uit te stuur ten spyte van die kerngebreke wat myns insiens bestaan in die materiaal waarmee hulle moes werk.

– Marina Griebenow



Gerben Kamper (prof. Lurie) en Nicole Holm (Bev) in *In ongenade*. FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT





bly • hlala
happy • stay
ulonwabo

GRATIS PRET VIR DIE HELE GESIN!

9 MAART
GRATIS

15h30-18h00
PULP Cinema, Neelsie:
Kortfilm- vertonings
& -besprekings

13 MAART
GRATIS

15h00
Kortfilmvertonings, piekniekfasiliteite,
kosstalletjies

17h00
Interaksie en gratis lesse in: Origami,
hoelahoep, vlieërs maak, kletsrym
Pryse te wen!
(hoelahoepels, handgemaakte

skaatsplanke en vlieërs!)
19h30
Voorvertoning: Inzync kletsrym
20h00
Lofdigter: Malika Ndlovu
Aankondiging van top 5 inskrywings
Vuurseremonie (poi dansers,
lanterns en brand van die
vlerkflappende feniks)

SPONSORED BY



NATIONAL LOTTERIES COMMISSION
LOTTO FUNDED

OTHER PARTNERS AND SPONSORS













‘Vergeef en onthou’ vir SA se toekoms

Diskoers

Praat Saam. Die Plataan.
Daaglik. 08:00 tot 09:00.

‘Die foutlyne [in Suid-Afrika] was laas voor 1994 so skerp sigbaar soos nou. Maar dis nie wie ons is nie – ons wil nie so wees nie.’

Met hierdie woorde het Max du Preez gister die grondslag gelê vir ’n bespreking oor nasiebou en gedeelde geskiedenis in *Praat Saam*, ’n gespreksreeks. Dit word aangebied onder die vaandel van RSG en USB-ED, en betrek daaglik ’n paneel kundiges om lig te werp op aktuele – en dikwels krapperige – sake en probleme.

Dr. Ernest Messina, die Afrikaanse Handelsinstituut se uitvoerende hoof, het gesê sy eerste verhandelinge was oor die simboliese ossewatrek – en hy’t besef “ons ken nie ons eie geskiedenis nie”.

En hierin lê die probleem, meen hy, want om vorentoe te gaan moet “ons onself en mede-Suid-Afrikaners” leer ken.

Die konsep van “ons” het later

in die gesprek ’n eie lewe aange- neem, toe Johan Liebenberg uit die gehoor vra wie “ons” is. “Ek hoor die word ons. As ek om my kyk, sien ek ou wit mense (soos ek) wat weet wat ons geskiedenis is en vrees vir wat gaan kom.”

Dr. Arnold Smit van die USB-ED, op die paneel, het dit só probeer verduidelik: “Die vraag is liewer hoe skep ons die ‘ons’. Die grense is soms dig en moeilik om te breek. Dit begin daarby om alle stereotipes teen te werk.”

Interaksie in die werkplek is maklik, het hy gesê, maar “ek is bekommerd oor wat gebeur tussen Vrydag en Sondag wanneer mense weer na hul enklaves onttrek, waar hulle veilig voel”.

Du Preez het die gesprek terug- gebring: “Swart mense sê wittes het hul grond gesteel. Wit mense sê nee. Hoe vind ons mekaar?”

Emeritusprofessor en filosoof Willie Esterhuyse het aangehaal dat “forgive and forget” nie werk nie, maar die konsep van “forgive and remember” genoem. “Die Waarheids-en-Versoeningskom- missie het wel ’n rol gespeel.

Suid-Afrika wil aangaan, om te

kan ‘forget’ kan oor ’n 100 jaar strek, en selfs dan onthou mense op ’n ander manier. Die idee van versoening is nie maklik nie, want mense is getraumatiseer.

“Dit laat mens die vraag vra ‘wat is vrede?’ – hoe bou jy dit oor ’n tydperk. Ons het nog nie ‘peace-building’ gedoen nie.”

Is die konsep van ’n gedeelde geskiedenis verromantiseer, wou Du Preez weet.

Glad nie, reken Messina.

“Ons moet terugkeer na die basiese goed van menswees. As ons hartseer is, is die kleur van ons trane dieselfde. Ons almal is afhanklik van dieselfde suurstof. Hoekom baklei ons oor goed wat kunsmatig geskep is.

“Ek is ’n man. Ek strew om vrede in myself te hê. Ongeag ons herkoms het ons ’n gemene saak om die wêreld beter te maak.”

Hy het gesê baie mense sê die ouer geslag moet eers uitsterf, dan sal die nuwe geslag regkom. “Maar dis nie waar nie, want wat ons om die braaivleisvure gesels, dra ons aan ons kinders oor.”

Protesoptrede, veral dié gemik teen beelde – is dit oordrewe, wou

Du Preez weet.

Esterhuyse het gesê hy verstaan nou kollektiewe woede. “As ons nie reguit met mekaar praat nie, word dit ’n probleem.

“Ons simbole is nog nie ver- soen nie – ons moet meer moeite doen. Ons kan maar weet, as daar ’n saamtrek van swart mense is, is dit oor menseregte. Waar is die ander landgenote? Kyk na ons byeenkomste – dit behoort ’n ontmoetingsplek te wees.”

Maar kan mens regtig jou verlede agter jou sit?

“Simbole is belangrik vir mense. In Suid-Afrika is baie moeite gedoen om gedeelde sim- bole te skep, soos die vlag, ons land se leuse – maar ons moet kyk na nuwe simbole,” het Messina gesê.

En makeer ons nog simbole?

“Ons simbole is eensydig geposisioneer,” meen Smit.

Dit is ook “absoluut moontlik” om wit en swart ewe trots te maak op mekaar se geskiedenis – as jy dit reg oordra en in ’n konteks wat sin maak, het Esterhuyse gesê.

“Een van die goed wat byvoor- beeld misverstaan word, is Afri- kaans wat die titel gekry het as die

taal van onderdrukking. Maar dit is mense wat die taal gepraat het wat onderdruk het. Die grootste ramp vir my is dat diegene – wit mense – wat die taal praat, aan die taal die titel van onderdrukker besorg het.”

Die paneel het hul wel sterk uit- gespreek oor dié “etikette” wat om mense se nekke gehang word, met verwysing na Afrikaanse studente wat uitgekryt word as kolonialiste wat nie in die land hoort nie.

“Ons aanvaar die klassifikasie wat ander ons gee – hoekom laat ons dit toe?” wou Messina weet.

En wanneer word ’n settler ’n native, het Du Preez ’n laaste vraag ingegooi.

“Jy is wat jy is,” het Esterhuyse dit opgesom.

“Erken wat was, was ’n fout, en begin dinge regmaak. Ek is ’n native, en ek gedra my soos ’n native. Want die land is ook my land en my mense.”

En toe gryp hy ook die kans verder aan, ná Du Preez verwys het na die ouderdom: “Oupas moenie toelaat dat ander mense ons stem stilmaak nie!”

– Jo-Ann Floris

Kom *Praat Saam* by RSG
daaglik tussen 08:00 - 09:00,
ondersteun deur USB-B0

Volhoubaarheid **AFRIKA**
Bemarking
Entrepreneurskap Wysheid
Leierskap
Bestuursontwikkeling Aanlyn Projek

Kontak ons: +27 21 918 4488 | info@usb-ed.com

Wes-Kaap, Suid Afrika
t: +27 (0)21 918 4488
e: info@usb-ed.com

Dar Es Salaam, Tanzania
t: +255 757 252 533
e: tanzania@usb-ed.com

Gauteng, Suid Afrika
t: +27 (0)11 460 6980
e: info@usb-ed.com

Addis Ababa, Ethiopië
t: +251 96 307 6263
e: ethiopia@usb-ed.com

KwaZulu – Natal, Suid Afrika
t: +27 (0)31 535 7117
e: info@usb-ed.com

Res van Afrika
t: +27 (0)82 415 8484 /
+27 (0)11 460 6988
e: africa@usb-ed.com

USB Bestuursontwikkeling
Bepersk
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool

www.usb-ed.com

Liefdesbriewe sing nou só

Korreltjie Kantel. Musiek- teater en Woordkuns. Laer as Laag. 12 Maart om 18:00.

Die Afrikaanse letterkunde het laasjaar ’n enorme verlies gely met die dood van André P. Brink. Sy troebel verhouding met die digter Ingrid Jonker, die vrou waarsonder “alles so ont- settend gewoon was”, is vervat in die boek *Vlam in die Sneeu*, wat die skrywers se liefdes- briewe aan mekaar bevat.

Dit is nou al bietjie meer as ’n jaar ná Brink se dood en 51 jaar ná Jonker s’n, maar die Woord- fees vergeet nie van hulle nie.

Korreltjie Kantel is ’n musikale verwerking van die verhouding tussen Jonker en Brink. Luna Paige, ’n sangeres met ’n soel stem en flink klavier- en kitaar- vingers, is deur die plaaslike folkrock-groep Hatchetman en die trompeler Nick Turner begelei.

Die tekste wat die kunste- naars verwerk en interpreteer, sluit uittreksels uit *Ontvlugting*,

Rook en Oker, *Kantelson*, *Vlam in die Sneeu*, en *Vurk in die Pad* in.

Hoewel dit ’n snikhete Sondagmiddag was, het oud en jonk saamgedrom om hierdie huldeblyk aan Jonker en Brink se liefde by te woon.

Opnames van uittreksels uit *Vlam in die Sneeu* is oor die luidsprekers gespeel, en het as die inleiding vir elke lied wat deur die musikante uitgevoer is, gedien.

Die kombinasie van Paige se warm stem, wat ook in ’n jazz-kroeg hoort, saam met Hatchetman se aansteeklike klanke en Turner se talent op die tromme, sal jou vir 80 minute meesleur en moontlik ’n traan of twee laat wegpink.

Buiten ’n paar tegniese glip- sies en die byna onuithoudbare hitte, hoort *Korreltjie Kantel* nie deur ’n Jonker- of Brink-aan- hanger misgeloop te word nie. Die musikante wat hierdie ge- dugte span se werk vereer, het hul staande toejuiging deur en deur verdien. – Mila de Villiers



Luna
Paige
Nick
Turner
&
Hatchetman

Universiteit Stellenbosch
Woordfees

Laer as laag

6 Maart 12:30, 12 Maart 18:00 | 80min | R130 | R150 by die deur



Andries Bezuidenhout en Koos Kombuis kuier gister by Laer as Laag om die tafel in Terug na die Kombuis. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Kombuiskuiers – en ’n chihuahua

Terug na die Kombuis.
Woordkuns. Laer as laag.
11 Maart om 18:00.

Koos Kombuis en Andries Bezuidenhout sit saam op die verhoog in ’n kombuis. Daar is ’n stryplank, T-hemde wat hang aan ’n draad, ’n tafel met ’n groen doek en ’n koperketel. Ook iets wat soos ’n bottel Doom lyk.

Koos het ’n bandana op sy kop. Hy lyk goed, die lewe het hom mooi behandel. Andries lyk asof hy sopas iets stouts aangevang het. Hy het maar so ’n gesig, soos dié van ’n belhamel.

Die gehoor sit gemaklik by tafels, en jy kan ook eet en drink, alhoewel dit gelyk het asof die meeste mense boetroos gedrink het. Soos gewoonlik is daar die-

gene wat skaamteloos laat kom en boonop oor stoele val en dan sit en rondskuif.

Hulle moet vir ’n nag in die polisie se gegooi word, saam met die vrou wat klaarblyklik ’n verbleikte gordyn vir ’n rok aangehad het en wie se selfoon afgegaan het. Die luitoon was dié van ’n hond wat geblaf het en met haar rumatiekvingers het sy blind-blind, sukkel-sukkel, hoes-hoes die ding uit haar handsak gehaal.

Toe sy dit eers in haar hande het toe hou sy dit vas soos iemand wat ’n warm aartappel van ’n braai-vleisvuur opgetel het.

Ek moes my inhou om nie op te spring, haar pruik van haar groot waatlemoenkop af te ruk en die selfoon daarin toe te draai nie. Daarna moet pruik (wat soos ’n

“Destyds het Stellenbosch gestaan vir ’n idee.

verkeerdeverhoender lyk) en foon onder ’n groot lorrie se bewegende wiele gegooi word. Maar ek het kalm gebly en *Die Here is my herder* soos ’n weduwee by ’n begrafnis geprewel.

Gelukkig het al hierdie gedoentes die twee sangers glad nie van stryk gebring nie. Hulle het heerlik en hartlik gesit en gesels oor alles en nog wat. Die politiek, die ou dae, vandag se onluste en la-waai, Facebook-seks, virtuele liefde, pastiche Toskaanse-huise, die

Goths van Pretoria, die toekoms van Afrikaans, en ontug in die lug. Man, somer oor baie dinge.

Die hele vertoning het goed gewerk en die improvisasie (wat so maklik kan verkeerdloop) en gemaklike saampraat het jou laat voel asof jy werklik saam met hulle aan tafel sit en kuier. Albei se liedjies het ou herinneringe gewek en daar was ook nuwe nommers.

Ek moet bieg, ek het nie geweet Andries het so ’n mooi stem nie. Ek gaan nie noem wat hulle sing nie, dis ’n verrassing, gaan kyk self. Dit sal nie ’n teleurstelling wees nie.

Koos het ook vertel van sy ma wat altyd gehoop het sy leef langer as Nelson Mandela, en sy hét toe ook. Helaas is sy presies 24 uur later oorlede. Hy sê ook toe hy

terugkyk na sy jeug: “Destyds het Stellenbosch gestaan vir ’n idee. Maar toe kom ek daar aan en toe het dit *gelê* vir ’n idee.”

Die gehoor het gekekkel en gekraai, almal was rustig. Tot naby die einde, toe Koos die gehoor waarsku hy gaan ’n liedjie met gekruide taal sing. Soos gewoonlik het die selfoonvrou voor my nie teleurgestel nie. Nee, sy het met haar klakousgesig omgedraai en haar mondjie van onvergenoegdheid klein getrek. Sy het haar kop geskud. En ek het gedink, mooi so. Dis *payback time* vir daai chihuahua wat vroeër in jou blêddie handsak aan’t blaf gegaan het.

Siestog. – **Herman Lategan**
• Lees later die week Herman se onderhoud met Koos en Andries oor *Terug na die kombuis*.

ONTDEK ’n NUWE Wêreld

saam met die ATKV

BY VANJAAR SE US WOORDFEES!

ATKV-BOEK-WINKEL

Ons omvangryke boekwinkel* is terug met ’n fees van boeke vir boekleefhebbers van alle ouderdomme. Kom ontmoet u gunstingskrywers en kuier saam rondom boeke in die hartjie van die Woordfees.

ATKV-BOEK-TENT

Kom loer daaglik vanaf 11:00 tot 14:00 in by ons ATKV-kontakpunt langs die ATKV-Boektent om meer uit te vind oor die ATKV, Vriende van Afrikaans, ons kultuur- en erfenisprojekte, spesiale ATKV-Goudini Spa fees-aanbiedings, ’n Taalgenoot-intekenpromosie, Negester en talle meer. **ATKV - ontdek ’n nuwe wêreld!**

MÔRE, 8 MAART SE PROGRAM IN DIE ATKV-BOEKTENT:

09:00 - 10:00	Jean Engelbrecht - Rust en Vrede
10:30 - 11:30	Wat maak mens bly? Oor geluk en geloof
12:00 - 13:00	Vlam in die sneeu
14:00 - 15:00	Koos van der Merwe: Rympies in die vliet
15:30 - 16:30	Randall Wicomb huldigingsgesprek
17:00 - 18:00	Ena Murray huldigingsgesprek

#ONTDEKAFRIKAANS

Deel die wyses waarop jy nuwe wêreld in Afrikaans ervaar en staan ’n kans om ’n jaar se Taalgenoot leesgenot te wen. Plak jou foto-ervarings op ons Facebook-muur of deel dit via twitter met die hutsmerk #OntdekAfrikaans

ATKV

www.atkv.org.za

*Wenners op elke platform sal daaglik via sosiale media in kennis gestel word. Pryse moet tydens die fees by die ATKV-Boekwinkel betaalpunt afgehaal word. Bewys van identiteit noodsaaklik.

ATKV

Toneel

Fiela kort bietjie skaafwerk

**Fiela se kind. Stadsaal.
Vandag om 15:00 en 11
Maart om 10:00 en 16:00.**

Dalene Matthee se *Fiela se kind* is ’n Afrikaanse juweel. Die boek is in sewe tale vertaal, is vir die verhoog en as rolprent verwerk en is in 1999 as die Afrikaanse Boek van die Eeu in ’n meningsopname onder 350 biblioteke in Suid-Afrika aangewys.

In sy resensie oor die boek wat in 1985 in *Rapport* verskyn het, het André P. Brink geskryf: “Hierdie roman bevestig op skitterende wyse dat min mense by haar [Matthee] kan kers vashou as dit by die vertelkuns op sy eerste en onderhoudendste kom.”

’n Nuwe verwerking vir die verhoog sal altyd ’n reuse-taak wees. Die karakters en selfs van die woorde is as’t ware in ons geheue ingeprent.

Vir die produksie wat sy debuteer op die Woordfees maak, het die regisseur Juanita Swanepoel ’n groep ervare akteurs asook ’n groep jong spelers bymekaar gekry. Die teksverwerking is deur Suzanne van Wyk en die teksaanpassing is deur Waldemar Schultz, wat ook die rol van Elias van Rooyen speel.

Lee-Ann van Rooi, ’n Fiësta-wenner vir haar spel in *Rondomskrik*, is Fiela. Ander groot name is Charlton George, Nicole Holm, Albert Maritz en Joanie Combrink.

Met die eerste vertoning gistermiddag was die



Nicole Holm en Waldemar Schultz in *Fiela se kind*. FOTO’S: NARDUS ENGELBRECHT

stadsaal bykans driekwart vol. In die gehoor was daar verskeie skoolgroepe, wat verblydend was. Of hulle daar was omdat hulle daar wou wees en of dit onder dwang was, maak nie saak nie. Hopelik is daar ’n paar nuwe teaterliefhebbers gebore.

Daar is baie kritiek. Die spelers het nie van mikrofone gebruik gemaak nie en daarvoor moet jy jou hoed afhaal, maar ongelukkig was dit by tye baie moeilik om hulle te hoor. Van hulle, soos Fiela, praat met ’n aksent wat dit dan nóg moeiliker maak om te hoor. Woorde en sinne raak weg en só gaan van die storie verlore.

Die stuk is net oor die twee uur lank. Die stelinkleding word gereeld verander, wat te verstane is, maar dit breek ook die ritme



Carla Smith as Nina.

van die stuk. Van die spelers, soos Holm, word nie tot hul volle reg en talent gebruik nie.

Soos met enige toneelstuk is die teks baie belangrik, want dit is tog wat die hart van die storie vertel. Daar is egter ’n gevoel dat dit nog méér vaartbelyn gemaak kan word.

Ek wonder ook of iemand wat nog glad nie die boek gelees of

selfs die rolprent gesien het nie, die hele tyd die storie sou kon volg.

Maar selfs met dié kritiek, is dit tog die moeite werd om te gaan kyk. (Van die lede van die gehoor het dit ’n staande ovasee gegee.)

Jonger spelers in die stuk, soos Luke White en Carla Smith, het hul toneeltande in tienertoneel begin slyp en dis duidelik dat hulle baie gemaklik op die verhoog in groot geselskap is.

Hierdie aanbieding is ’n Woordfees-produksie in samewerking met die Nasionale Toneelspelkompetisie en is ook van 20 tot 23 April by die Kunstekaap in Kaapstad te sien. – **Ilza Roggeband**

MOEDER MOED

Marteling op wiele as jy niks kan sien

Moeder Moed en haar kinders. Toneel. Klein Libertas Teater. Vandag om 20:00.

“Katryn, kom hiersô! Ek het nou genoeg blindemol gespeel!” het ’n gefrustreerde feesganger aan ’n ander geroep op pad uit die teater uit. Sy het haar min gesteur aan die versoek oor die interkomstelsel wat feesgangers vra om nie die auditorium te verlaat in die tegniese pouse van vyf minute wat aangebreek het nie. Maar die feesgangers was ná ’n uur se kameelperdnek-ervaring net so moedeloos as Moeder Moed self.

Die uitstekende toneelspelers het nie ’n kans gehad om teatergangers weg te voer na die hunkerende einde van vrede wat in hierdie oorloglandskap geheers het nie. Die verhoog was op grondvlak en met ’n toneelstuk waarin meeste van die “aksie” op die grond plaasgevind het, het die gehoor en die spelers nie ’n kans gestaan om mekaar te vind nie. In die tegniese pouse het baie teatergangers opgestaan uit hul frustrasie om die lyding van Moeder Moed te ontsnap en hulle gehaas na die afgebrande uitgange van die Klein Libertas Teater.

Toe ons vroeër die aand in die teater ingestap het, het almal gedink dit is die perfekte stel vir die produksie: ’n Afgebrande ou teater se dop is immers ’n briljante *backdrop* vir ’n teaterstuk wat afspeel in ’n oorloggeteisterde omgewing. Maar ons entoesiasme is vinniger gedemp as wat hulle die vuur kon blus wat die teater vernietig het, want binne ’n paar sekondes het ons besef ons kon netsowel na ’n hoorbeeld op RSG se *Radioteater* geluister het, want buiten die eerste tien rye kon die res van ons niks behalwe die baie kort hare van Moeder Moed en haar ossewa sien nie.

Ek sou graag die toneelstuk wou resenseer, maar het dit nooit gesien nie, al was ek daar vir ’n droewige twee en ’n half uur. Ek het dit wel gehoor. Die sang was onverwags, die gewroeg van stemme sonder ’n visuele konteks uitmergelend en die draaiende ossewa wat al was wat ek kon sien, het ons almal dronkgeslaan. Die feesgangers wat die moed van hul oortuiging gehad het om ná die breuk steeds voort te luister na die klankbaan van die dialoog sonder visuele konteks, het verslae gevlug uit die slagveld. Ek is seker die eerste tien rye van die gehoor het die akteurs se goeie toneelspel en die briljante teks waardeer. Die res van ons het saam gebid vir die einde van dié oorlog. – **Marchelle van Zyl**

Boek verleng drama se raklewe

Nicola Hanekom: Land van skedels. Skrywersfees. Dit was op 5 Maart.

Emily Hobhouse wou nie met haar praat nie, toe laat sy haar opera sing, vertel dramaturg, vervaardiger en aktrise Nicola Hanekom.

Haar bekroonde opdragwerk, *Land van Skedels*, wat gehore op ’n meesleurende tog deur die konsentrasiekampe tydens die Anglo-Boereoorlog geneem het, is in boekvorm uitgegee deur Protea. Die opdragwerk in 2013 het saamgeval met die met die honderdjaar-herdenking van die Vrouemonument.

Die drama is bekroon met verskeie Fiësta-toekennings.

Vir diegene wat nie die verhoogstuk kon sien nie, bied die boek die kans om die lot van die vroue in die konsentrasiekampe te herleef. Dit is nie maklike leesstof nie, want dit spreek tot elke emosie – net soos die skrywer dit wou hê. Die boek bevat foto’s

wat die leser verder help om die “prentjie” in te kleur, het Hanekom verduidelik.

“Ek wil iets skryf wat mens nie net met die kop verstaan nie, maar op elke vlak – intellektueel, spiritueel, met hart en sintuie. Dit kan nie net een deel aanraak nie.”

In gesprek met Wim Vorster in die ATKV-Boeketent Saterdag, was daar ’n duidelike sentiment dat dié besluit verhoogproduksies se “raklewe” sal uitbou.

“’n Produksie kan net soveel keer speel, en dan is als verby,” het Vorster opgemerk.

Hanekom was hom dit eens. “Ek dink nie mense besef hoeveel werk en geld en opoffering ingaan in ’n goeie produksie nie. Dan is daar ’n sekere aantal vertonings en dan is alles oor. Met die boek kan mense nou weer en weer teruggaan en ontdek wat die gehore beleef het.”

Sy het gesê die uitgewers het uitstekende werk gedoen om haar teks te belig. “Ek is hulle so dankbaar, want waar ek

byvoorbeeld in die dramateks sou skryf ‘Engelman op stelte’ moes hulle daardie prent inkleur sodat die leser ’n duidelike prent in hul kop kon vorm.”

Hanekom was besig om aan die film *Faan se trein* te werk toe sy die aanbod van die opdragwerk kry. “Dit het gevoel soos ’n reuse-verantwoordelikheid. Dis ’n opdragwerk, so ek moes dit ordentlik doen!”

“Ek moes ook dinge baie andersom doen – ek het my lys A-span-akteurs gebel en hulle het ingestem om te help. Toe kom die idee van ’n tentedorp skep.”

Dit het toe vergestalt in ruimtelike teater, dus nie in ’n tradisionele teater nie, maar in ’n ruimte wat die storielyn uitbeeld – in hierdie geval het die toneel afgespeel in ’n veld. Hiervoor moes Hanekom elke keer “net die regte veld” vind. “Ek het geweet mense moet eers ’n intieme teaterondervinding hê, dan die kamp, dan die groter ruimte, en dan die ander elemente, soos

die opera.” Dit bring die gesprek terug by die Britse welsynwerker, Emily Hobhouse, wat die haglike toestande waaronder vroue in die kampe moes bly, aan die groot klok gehang het.

“Al die ander karakters het maklik gevloei, maar Emily wou nie met my praat nie. Elke keer het ek getik Emily, dubbelpunt... en dan niks! Toe kom die idee om dit operastyl te doen.”

Hanekom gee toe die gehoor was aan die diep kant ingegooi. “Dit was belangrik dat die gehoor, en nou die leser, die vroue [in die kamp] moes leer ken voordat die vroue sterf.”

Die grootliks onvertelde storie van swart mense in die konsentrasiekampe word ook belig, hoewel nog nie op die skaal van hul tydgenote nie.

Sy het ook ’n ander sluier gelig ná ’n vraag uit die gehoor: “Soos ek ouer raak, raak ek bang [vir die verhoog]. Mens moet hare op jou tand hê as jy voor mense speel, hoor!” – **Jo-Ann Floris**

Diaan en Jodie skitter in drama oor getroudes

Klein Jakkalsies. Toneel. Breughel-teater. Vandag om 20:30.

Die huwelik. Daai wonderlike instelling wat twee mense wat mekaar bo alles liefhet, vir ewig saambind. Op 'n bed van rose. Sonder oggend-ase en verslaapte hare. Wel, dis wat die liefdesverhale mens mos laat glo... en hulle kan nie almal verkeerd wees nie, of hoe?

Diaan Lawrenson en Jody Abrahams – ook 'n paartjie weg van die verhoog – skilder bietjie van 'n ander prentjie. O ja, die eerste paar jaar is idillies, alhoewel daar vroeg in die stuk reeds aanduidings is dat hulle die saak so bietjie deur verskillende lense sien.

Die stel is minimalisties, maar die sterk toneelspel laat dit alles vervaag. Met net twee mense op die verhoog verg dit nogal sterk spel om die gehoor gebonde te hou, en dié twee het dit reggekry met pittige dialoog. En te oordeel aan die gehoor se lagbuie en instemmende knikke, het die stuk raak gesny.

Hulle vat die gehoor deur die liefie-diefie stadium, waar alles vir die twee oulik is. Natuurlik, soos die tyd aangaan, begin daai

einste dinge te skawe.

Klein Jakkalsies is slim geskryf en die storielyn goed ontwikkel, want mens weet nie of jy die twee moet jammer kry, moet help of teen die kop klap nie.

Dis heerlike dilemmas om mee te sukkel, en dit het die gehoor by hulle gehou.

Sonder om te veel te verklap, is die hoogtepunte van die toneelstuk die sessies met die huweliksberader – dié insetsels is vooraf opgeneem en word op 'n skerm gewys – en Abrahams en Lawrenson is onverbeterlik.

En natuurlik die toneel waar hulle, op advies van die berader, moet rolspeel. Kyk, ek sal nooit ooit weer met dieselfde oë na 'n bokkie en 'n tier kan kyk nie....

Daar is min waarmee paartjies nie sal kan identifiseer nie, maar ten spyte van die klein jakkalsies wat die boord wil opvreet, is daar niks wat eintlik nie opgelos kan word nie.

Die enigste klein jakkalsies in die teater was dat dit plekkeplek moeilik was om die akteurs te sien op die verhoog – maar dit is weens die uitleg van die teater en neem niks weg van die oortuigende spel nie.

– Jo-Ann Floris

Werkers se sjarme en talent oorrompel

As jy dit gemis het, is dit ongelukkig vir eers neusie verby. Met net twee vertonings by die Woordfees het *Philida van de Delta* gekom en gegaan, maar wat 'n plesier was dit nie.

Net ter agtergrond: *Philida van de Delta* is 'n musiekblyspel wat in samewerking met Solms-Delta, Babylonstoren en die Breytenbach Sentrum in Wellington op die planke gebring is. Die talent op die verhoog is amper deur die bank werkers op die plase Solms Delta en Babylonstoren.

Dit vertel van Philida, 'n slavin, wat in die vroeë 1800's drie kinders by Frans Brink gehad het. Hy het belowe hy sal haar en die kinders se vryheid koop, maar wanneer dit nie gebeur nie, besluit sy om hom by die slawebeskermer aan te kla. Hierdie aangrypende verhaal word vertel met musiek en verhare, met genoeg deernis en

humor om aan die hart te raak.

Ja, daar is kritiek. Dit was amper onmoontlik om te hoor wat die stemme gesing het, veral wanneer die orkes op sy volle sterkte gespeel het. 'n Boekie met die woorde sal beslis help.

Maar hier is die goeie nuus. Jy het dalk nie geweet presies wat hulle gesing het nie, maar die storie het jou nogtans meegevoer. Langs my in die Spier-amfiteater het 'n man en vrou gesit, duidelik besoekers uit die buiteland. Die verwondering in veral die vrou se oë het presies gewys hoeveel die produksie deur almal geniet is.

Die orkes, soos altyd energiek deur Adriaan Brand geleid, is 'n riem onder die hart en die talent van die spelers – Camelia Florence wat die rol van Philida speel het die stem van 'n engel – het van hierdie 'n uitsonderlike aand onder die sterre gemaak. – Ilza Roggeband



Chris Vorster en Hennie Jacobs speel susters wat mekaar verpes.
FOTO: NATALIE GABRIELS

Bitter Russiese susters twis in swart komedie

Twee susters. Komedie. Debuut. kykNet Hoërskool Stellenbosch. Vandag om 15:00, 11 Maart om 17:30.

Die Russiese dramaturg Anton Tsjechov was verantwoordelik vir epiese dramas soos *Drie susters*, *Die seemeeu*, *Oom Wanja* en *Die kersieboord*. Maar wat gebeur as jy die werk van dié skrywer bymekaar gooi en as agtergrond gebruik, twee akteurs as twee susters van Rusland klee en die werk 'n goeie skeut swart komedie gee?

Chris Vorster is verantwoordelik vir die teks en regie van

Twee susters, 'n komedie waarin hy en Hennie Jacobs die rolle van die twee susters – somber in lang bruin rompe en met die kragies van hul bloese tot die kuiltjies toegeknoop – wat op die vooraand is van hul trek na Moskou.

Die verhouding tussen die susters is, om dit sagkens te stel, in die hel gebore.

Ousus het nie 'n goeie woord oor kleinsus te sê nie. Volgens haar is sy dom, lelik, totaal talentloos en moes sy nooit gebore gewees het nie.

Kleinsus is bitter en het 'n wrok in haar hart. Sy wil nie trek nie en probeer haar suster oortuig om

tog net nog 'n aand op die plaas te bly. Maar is dit al wat sy in die mou voer?

Die musiekgroep Two Cellos se weergawe van Metallica se "Nothing Else Matters" skop die stuk af. Die teks is vinnig, die verhoog so te sê kaal.

Gisteroggend se vertoning was die eerste een by die fees, maar dit is duidelik dat die twee akteurs die teks onder die knie het. Met tyd sal die stuk beslis nog verder ritme kry.

Gaan kyk selfs al het jy nie kennis van Tsjechov se werk nie. Dis 'n uur van goeie feesvermaak. – Ilza Roggeband



LANZERAC
HOTEL & SPA
Est. 1692 Since
★★★★★

LANZERAC IS N TROTSE BORG VAN DIE US WOORDFEES 2016

→ x ←

DIE LANZERAC DELI BIED DAAGLIKS HEERLIKE EETGOED BY DIE HOFMEYRSAAL VANAF 4-13 MAART WAT NIE MISGELOOP MOET WORD NIE.

EKSLUSIEWE LANZERAC WYNVERKOPE BY COETZENBURG, HOFMEYRSAAL, STADSAAI EN DIE KHAYA.

DIE LANZERAC DELI IS OOK 'N DEELNEMER AAN DIE HAP 'N KEBAB KOMPETISIE - MAAK SEKER JULLE KRY 'N KANS ONS DIT TE PROE ON DIE PLAAS BY DIE LANZERAC DELI TYDENS DIE WOORDFEES.

DIE BYBEL IN JOU TAAL



www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika

Die Bybel: 'n Direkte Vertaling

Matteus 27:27
Toe het die soldate van die prokurator¹ vir Jesus na die pretorium² saamgeneem, en die hele kohort soldate³ by Hom byeengebring.

¹ **prokurator**: Amptenaar wat namens die keiser in beheer was oor 'n Romeinse provinsie; ² **Romeinse ampsdraers**
³ **pretorium**: Die ⁴ **bronteks** lui *praetorium*. Hier verwys dit na die vesting Antonia, waar die soldate gestasioneer was en die prokurator gedurende feestye tuisgegaan het.
⁵ **kohort soldate**: 'n Afdeling Romeinse soldate, wat uit 200 tot 1 000, maar gewoonlik 600 man, bestaan het; ⁶ **Militêre terme**.

SÊ JOU SÊ BY:
www.bybeldirektevertaling.co.za

Musiek



Melissa van der Spuy agter die klavier by Spier tydens die Gereformeerde Blues Band se optrede. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

ink
Redaksie

Redakteur
Jacquette Kloppers
(jacquettekloppers@gmail.com)

Uitgewer
Hannelie Cronjé

Uitleg en produksie
Johnn-Grant Munro
Heléne Booyens

Teksredakteurs
Susan Booyens
Marchelle van Zyl

Fotograwe
Nardus Engelbrecht
Natalie Gabriëls

Skrywers
Mila de Villiers
Jo-Ann Floris
Marina Griebenow
Herman Lategan
Wayne Muller
Ilza Roggeband
Lynné Schoeman
Jo Prins

Assistent
Marietjie Booyens

Dankie aan Jan en Pippa Louw en Humarga vir tegniese dienste, ondersteuning en infrastruktuur.

Vir enige navrae skakel die feeskantoor by **021 886 5036** of besoek **www.woordfees.co.za**

Woordfees-kantoor
Adres: Erfurthuis, Ryneveldstraat 37, Stellenbosch.
Navrae: Bel die feeskantoor by 021 886 5036 of besoek **www.woordfees.co.za**.

Besoek die Woordfees se Facebook-blad by <https://www.facebook.com/woordfees/>

Ink op die internet
'n Elektroniese weergawe van Ink is ná 13:00 beskikbaar op Netwerk24. Besoek die skakel <http://www.netwerk24.com/za/eikestad-nuus> om Ink aanlyn te lees.

NETWERK 24
AL DIE NUUS, ALTYD BYDERHAND
www.netwerk24.com

Eikestad SNUS

Voeg 'n skeut country by folk en jy kry 'n joligheid

In Afrikaans is daar 'n handvol sanger/liedjieskrywers wat kan toor met die taal. In wese digters wat kan sing. Een van hulle is Richard van der Westhuizen.

Sy musiek is egter skaars. Daarvoor hou sy loopbaan as akteur en stemkunstenaar hom sekerlik te besig. Sy musiek is ook nie dié van iemand wat met 'n doef-doeft die dansvloer kan volkry nie. Dat hy talentvol is, is egter gewis so. Hy het die naweek twee keer in Laer as Laag by die Woordfees opgetree.

Van der Westhuizen is deur sy vriend en musiekvennoot Andrew Roos op die verhoog vergesel. Roos was op melodika en klavier – 'n stewige upright wat hy meesterlik gespeel het.

Die liedjies was 'n mengelmoes van ou treffer soos "Tussen Treine" en "Ballade vir 'n Enkeling", maar daar was ook liedjies van sy nuwe album, *Yster en Vuur*, wat later vanjaar vryge-



Richard van der Westhuizen

stel word. Die klank van die konsert het gewissel tussen folk, met 'n skeut country en 'n bietjie boeremusiek om dinge jolig te maak.

Van der Westhuizen is inderdaad een van die digters van Afrikaanse musiek en die konsert was ideaal vir mense wat na elke liewe woord wou luister.

– **Ilza Roggeband**

Sy gee kleur aan ander se swart en wit woorde

Laurinda Hofmeyr. Laer as Laag. 13 Maart om 12:30.

"Ek is afhanklik van ander mense se woorde," het Laurinda Hofmeyr aan die begin van haar produksie, *wat ek wou sê*, gesê. Nie dat enigeen al ooit gekla het nie, veral nie die digters wie se werk sy deur die jare getoonset het nie.

wat ek wou sê is die titel van haar nuwe CD en daarop sing sy haar berymings van digters soos Breyten Breytenbach, N.P. van Wyk Louw en H.A. Fagan, maar ook nuwe digters soos Ronelda S. Kamfer, Oloff de Wet en Valiant Swart.

Saam met haar op die verhoog is Schalk Joubert (baskitaar), Kevin Gibson (tromme) en Mabet van Wyk (agtergrondsang). En saam is hulle hemels. Nie een uit plek nie, vier van die talentvolste kunstenaars in die Suid-Afrikaanse musiekbe-

dryf. Daar was nie een laagtepunt in die konsert nie en dis amper onregverdig om van die liedjies uit te sonder, maar Van Wyk Louw se "Ons kan nie praat nie" klink soos iets wat in 'n rock-opera hoort.

Fanie Olivier se "Last grave at Dimbaza" breek jou hart in 'n duisend stukke.

Kamfer se "Nag" – met die sielvolle woorde "mag jy drome droom en nie net slaap nie" – is 'n refrein wat jy oor en oor wil hoor.

Die woorde van die gedigte is op 'n skerm gewys, en dit het beslis bygedra tot die produksie.

Hoewel dit nie die presiese volgorde van die liedjies was nie, het dit gehelp om selfs nog meer van 'n impak te maak.

Hierdie produksie is vir enigeen wat 'n hart vir die digkuns het en wat wondermooie woorde wil ervaar op 'n ander manier as net swart en wit op papier. – **Ilza Roggeband**



Laurinda Hofmeyr

'n Heerlike atmosfeer van meertalige kruisbestuiwing by Inzync

Inzync Poësie MusiekMashup. Woordkuns. Stellies Live.

"Jongmense van verskillende agtergronde word rondom poësie bymekaar gebring en dit is waarom Inzync so belangrik is."

Danie Marais en mededigters Toni Stuart en Koleka Putuma het Saterdagmiddag hul gedigte voorgelees by AmaZink in Kayamandi,

terwyl die gesogte jazz-pianis Kyle Shepherd 'n klankbaan geïmproviseer het. Feesgangers kon die naweek per bussie na die Inzync Poësie MusiekMashup ry en die gehoor was divers, entoesiasies en die lokaal stampvol.

Bekendes soos Antjie Krog en Gerhard Viljoen is ook in die gehoor opgemerk.

"Dit was 'n besonderse en

heeltemal nuwe ervaring," het Marais gesê. Voorheen het hy nog net sy gedigte met kitaarbegeleiding gelees, "maar nog nooit jazz nie, so ek was nogal op my senuwees!" Volgens Marais noem hulle dié spesifieke kombinasie glo Tongue Fu in Engeland.

Toni Stuart het pas uit die Verenigde Koninkryk teruggekeer, waar sy met opleiding in

Spoken Word Education te doen gehad het. Die jong digter Koleka Putuma is Suid-Afrika se eerste nasionale slam-kampioen. Putuma het met haar gedig "Water" bekendheid verwerf.

Volgens Pieter Odendaal, een van die samestellers, het "Kyle Shepherd natuurlik geskitter op die klavier. Dit het lewendig gebeur en alles is in tydelike

kreëtiwiteit vasgevang."

Marais het feesgangers aangeraai om die volgende optredes by AmaZink, naamlik InZync Poetry celebration feat. BCUC op 11 Maart, en die InZync poetry Slam op 12 Maart, nie mis te loop nie.

"Daar heers 'n heerlike atmosfeer van meertalige kruisbestuiwing," het hy gesê.

– **Lynné Schoeman**



waar kuns en innovasie

ontmoet sal die wêreld ...

sing

glimlag

ontwikkel

FNB kondig met trots hul borgskap van die US Woordfees 2016 aan.

FNB is verbind daartoe om die kunste in al sy vorms te bevorder, want ons glo die uitdrukking van artistieke talent verg kreatiwiteit en verbeelding. Dit is sleutelkenmerke van innovering, wat vir ons by FNB naby aan die hart lê.

FNB en US Woordfees maak sin saam.

Universiteit Stellenbosch

Woordfees

Soek 'FNB Blog' aanlyn

FNB
First National Bank

hoe kan ons jou help?

Buig voor Ben en Breughel

Doktor Benoni (Ben) Dehaeck se bydrae tot teater in ons land is van onskatbare waarde. Die teaterlegende Marthinus Basson ken Dehaeck en sy werk soos die palm van sy hand. **Herman Lategan het met Basson gesels oor die man, sy werk en *Die gangsters* wat by die Woordfees te sien is.**

Wat kan ons van doktor Ben Dehaeck vertel?

Doktor Ben is uitsonderlik en passievol, uitdagend, frustrerend, wild gevaarlik en wonderlik. Hy is 'n 93-jarige Belg van Ieper. Meeste van sy familie is mediese dokters en die res het van bakkers tot een van die grootste industriële gebak- en deegverskaffers (PIDY) in Europa gegroei.

Hy is klandestien gedurende die Nazi besetting van België deur professors van Leuven in die regte opgelei en praktiseer ná die Tweede Wêreldoorlog as advokaat wat reparasiesake hanteer.

Hy het amateurtoneel gespeel en het 'n besondere voorliefde vir die absurde teater, en veral mimiek, gehad.

Hoe hy sy pad vind na Suid-Afrika as deel van die Belgiese kontingent (Fred Engelen, Tine Balder, Jos Willems en Tone Brulin) wat die dramadepartement hier op Stellenbosch vestig, weet ek nie, maar hier was hy die buitestaander, die progressiewe denker en die teenvoeter vir die behoudende Engelen.

Wat staan uit van hierdie besondere man?

Ek sou voor enige van sy legio ander kwaliteite sê – sy blinde geloof in die potensiaal van elke enkele mens. Ook dat hy ten spyte van eindlose pyn en verdriet, persoonlike finansiële verlies, verraad en dies meer, soos die Don van ouds weereens sy lans sal opneem in die stryd om geregtigheid.

Hy is 'n filosoof wat teater gebruik het om mee te kommunikeer. Hy het 'n onwrikbare geloof dat selfs die eenvoudigste van ons nie onderskat moet word nie en dat grootse idees deur middel van volksteater beskikbaar sou kon wees vir almal.



Die gangsters is 'n ensemblestuk en al die akteurs werk saam om 'n kragtoer wat brul te skep. Die akteurs beweeg blitsvinnig en die spel tref jou in die maag. FOTO: NATALIE GABRIELS

Wat was sy bydrae tot die Breughel-teatergroep? Terloops, waarvoor staan Breughel?

Die Breughel-teater in Cloeteville was sy baba na aftrede en het ontstaan uit sy pizza-restaurant waar soms eksperimentele produksies aangebied is in die agterjaart. Daarna het hy grond en materiaal verskaf in Cloeteville en is die Breughel-teater opgerig met gemeenskapsinsette.

Dit het werk verskaf aan bruin spelers wat gegradeer het uit die dramadepartement en nie noodwendig werk kon vind in die vorige bestel nie, asook gewone mense uit die gemeenskap. Die

As jy wil gaan kyk:

Die gangsters. Toneel. Debuutdrama. Geen o.13. Die Breughel-teater. 9 Maart om 20:30.

Breughel is vernoem na die groot laatmiddeleeuse Belgiese skilder wat komplekse konstruksies kon optower uit volksuitdrukkings en metafore. Dit het tematies by sy droom van 'n filosofiese volksteater aangesluit.

Die gangsters is al in 1993 opgevoer. Waaroor gaan dit?

Die gangsters is losweg geïnspireer

deur Jean Genet se *Die Negers*. Vier gesagsdraers (minister van welsyn, kommissaris van die polisie, die biskop en 'n Pagad-Muslim) word gekonfronteer deur Cloeteville se gangster wat vir hulle 'n plek in die nuwe bedeling probeer beding. Hulle speel dan 'n misteriespel oor die gansterverraaier Joe Jesus / Joe Judas, wat onskuldig doodgemaak word en hemel toe gaan.

Hoekom moet jonger gehore hierna gaan kyk? Inteendeel, waarom moet mense dit kom sien? Is dit nog relevant.

Dit is steeds verbasend relevant, veral in die lig van die skare

van nuwe, selfaangestelde gode waarmee die alledaagse man opgeskeep sit.

Dit is 'n styl wat nie meer gesien word nie en dit het 'n dringendheid soverre kommunikasie wat goed is en bly. Dis ook deurspek met humor en snydende kommentaar.

Jy ken *Die gangsters*. Vertel meer:

Hulle het probeer om doktor Ben se styl, wat groot en karikatuuragtig is, te eer in die produksie. So ook 'n vorm van Poor Man's Theatre waar iets uit niks gemaak word.

Dit het die struktuur van 'n kantate met intrudes en vertellings, so daar is nie karaktergroei nie, maar wel 'n legkaart van stories wat mettertyd 'n geheel vorm. Die stuk is 'n hofgeding sonder duidelike uitkomst.

Dit het wonderlike musiek deur die jong komponis Antoni Schonken wat op onkonvensionele instrumente gespeel word.

Die stel en kostuums?

Die stel bestaan onder meer uit 'n doodskis en sinkplate, petrol-dromme en gebreke spieëls, bottels en pype. Die kostuums is teatrale weergawes van werkersklere, crossdressers, kerkgangsters, huisvroue, ensovoorts.

Hoeveel karakters is daar en wat is die boodskap wat hulle oordra?

Afgesien van die vier gesagsdraers is daar 'n storieverteller, skoolseun, queen, prostituut, huisvrou en gangsterleier. Ook 'n kerkkoor van drie. Hulle verteenwoordig 'n verskeidenheid stemme wat gedurende die lyksrede/ondersoek na die dood van Joe Jesus, hulle ervarings deel oor dié man wat ons nooit ontmoet nie.

Dié gangsters skiet met woorde, slaan met temas

Op pad na die Breughel-teater ry 'n mens deur die nou straatjies van Cloeteville. Dis warm, bedompig, die dag is sweterig. Kinders speel buite. Ou mense loer deur vensters. Van die paaie is vol gate, armoede hang plek-plek in die lug.

“Dis gangsterwêreld,” vertel Bradley die bestuurder.

“Drugs,” sê hy. “Maar meeste van die mense is goed van hart en inbors. Arm, maar ryk van gees.”

Van die plekke wat ons sien, lyk soms droef, soos God se verlate agterplaas. Dis die mense wat ná 1994 aan die agterspeen suig. Deur die regering vergete, vir wie die dice verkeerd geval het. Destyds en nou. Min het verander.

Dis ook hier waar doktor Ben Dehaeck in die vroeë tagtigerjare met die akteur André Roothman

(toe ook dramaonderwyser by Senior Sekondêre Skool) 'n eksperimentele drama-ensemble in Cloeteville gestig het. Die studente het gou een prys ná die agterjaart. Later is die Breughel-teater deur die man met die Wes-Vlaamse aksent grootliks uit sy eie sak gebou.

By die plek aangekom is dit woelig, oral mense wat rondhol en dinge doen. Dis 'n plek vol rou energie, 'n kerk van kreatiwiteit in die hart van swaarkry. Die program sê oor die stuk: “*Die gangsters*, in 'n verrottende wêreldbestek, is teater die laaste heilige plek”. Verder: “Ter verering van doktor Ben Dehaeck se lewensbydrae tot Suid-Afrikaanse teater en diens aan die gemeenskap van Cloeteville en die Breughel-teater.”

Die gangsters (ook geskryf deur

Dehaeck) begin. Die een speler (Stian Bam) dra 'n masker met Adriaan Vlok se gesig (destydse minister van wet en orde). Basil Appollis speel die rol van 'n biskop, sy masker is dié van emeritus-aartsbiskop dr. Desmond Tutu.

Die spelers word in 'n paar groepe verdeel: die gesagdraers, die gangsters, die koor, en daar is musiek. Die top-veteraanakteur June van Merch speel die rol van die minister van welsyn. Die tema is eenvoudig, tog treffend, uiters relevant. Voorveronderstellings oor goed en kwaad word betwis en bevraagteken. Die stryd tussen lig en donker.

Die notas vertel die gangsters nooi vier gesagdraers van die (sogenaamde) reënboognasie – die swart biskop, die wit polisiekommissaris, die fanatiese Moslem

en die bruin minister van welsyn – na 'n herdenking van die lewe en dood van Joe Jesus, 'n gangster-heilige wat vermoor is.

Die akteurs beweeg blitsvinnig, die woorde is koeëls uit hul monde, die spel tref jou nie net in die maag nie, jy word ook oor die kop geslaan. Daar is karakters met name soos Goggo Fairytale (Dean-John Smith) en Kween Victoria, gespeel deur die uiters talentvolle Jodecee Solomons, wat van die drag queen en “moffie” 'n tour de force maak.

Hierdie karakter word volmaak uitgebeeld met 'n fyn balans tussen patos, 'n titsel woede onder die oppervlak, humor, en 'n stuitige koketagtigheid. Hierdie speler gaan nog ver kom. Maar dit is 'n ensemblestuk, en almal werk saam om 'n kragtoer wat brul te skep.

Aan die einde kom June van Mersch op en lewer sy 'n huldeblyk aan Dehaeck, wat in die gehoor sit. By tye huil sy, haar stem breek soos deur poersele in wat op 'n kombuisvloer val. Op haar dag is sy as student in die dramadepartement uitgekryt deur van die top lektore oor haar Kaapse Afrikaans (lees: bruin aksent), wat kwansuis nie opregte Afrikaans was nie. Daar was selfs een wat haar wou druipe. Maar dit het sy nie genoem nie – die oomblik was Dehaeck s'n.

Aan die einde het die 93-jarige man opgestaan en stadig vorentoe beweeg. Hy het almal hartlik bedank, sy stem sag en krakerig, maar met sterk projeksie.

En die gehoor het opgestaan en hande geklap en vir 'n oomblik het Cloeteville weer sy kop gelig.

– **Herman Lategan**

SPYS EN DRANK

Eet, drink en wees vrolik!

Stellenbosch is 'n smulpaap en wynconnoisseur se paradys. By die Woordfees is dit dan ook nie anders nie – daar is méér as genoeg om te eet, te proe, te luister en te beleef.

Op 12 Maart kan jy kaas en wyn proe by *Alternatiewe Proe* wat deur Bertus Basson en Bennie Howard by Die Kaya aangebied word. Op 13 Maart kan jy op die Devon Valley Detour gaan, 'n wyn-safari deur die Devonvallei. Van die plase waar aangedoen gaan word, sluit Clos Malverne, Middelvlei en J.C. le Roux in. Die bussie vertek om 11:30 van Hoërskool Stellenbosch.

Nog 'n voorskoot en *lipstiek* is Herman Lensing en Marinda Engelbrecht se kosteater. Hulle praat op 11, 12 en 13 Maart oor kos, demonstreer 'n paar geregte en gooi sommer 'n paar boerate ook in.

Cas Abrahams kom praat môre om 17:00 in die HB Thom-foyer oor haar lewe met kos en daar is nie minder nie as elf kosdemo's van vandag tot later in die week.

Ván die kosdemo's is:
 • Carmen Niehaus se beste resepte (12 Maart);
 • De Vette Mossel-kookboek (9 Maart); en
 • Kokkedoor se Johnny Hamman (10 Maart).

Kook saam Kaaps is nog 'n kosdemo wat jy nie vandag om 14:00 moet mis nie. Kulsum Kamalie en Flori Schrikker, bekend vir hul kospraatjies op RSG, wys by Die Khaya hoe Kaapse kos vol speserye gemaak word. By *Kos vir Kwale* op 10 Maart in die ATKV-Boektent gaan Adele van der Merwe en Jeske Wellman (*Eet gesond, voel gesond: Beveg kanker met voeding*), Arien van der Merwe (*Hanteer diabetes*) en Hilda Lategan (*SA kookboek vir allergieë en voedselsensitiwiteit*) met Carmen Niehaus oor hul boeke praat.

– **Ilza Roggeband**

Dis vét pret by De Vette Mossel

“Ek vrek oor die Woordfees – vir my is dit die beste fees in die land.”

Só sê Niël du Bois, eienaar van De Vette Mossel-restaurant, wat die afgelope ses jaar al die see – komplete met sand en al – na die fees bring. Du Bois het die oorspronklike buitelog-seekosrestaurant in 2004 op 'n strand in Groot-Brakrivier naby Mosselbaai op die been gebring.

Sedertdien het verskeie takke regoor die land oopgemaak en tentakels is uitgesteek na feeste soos die Bloemfonteinse Vryfees en die Woordfees, waar tydelike Vette Mossels nou al 'n instelling geword het.

Vanjaar is De Vette Mossel terug op Wilgenhof-manskoshuis se grasperk, op die hoek van Victoria- en Ryneveldstraat en volgens Du Bois is dit “alles behalwe 'n stalletjie”.

“Ons is 'n bestemming, 'n uitspanplek, 'n laatnag jolkol en dié venue vir topfees-optredes.”

Du Bois vind dit moeilik om hoogtepunte uit die vele optredes te kies, “maar as ek

moet, sal ek die *Rock Lunches* met kunstenaars soos Piet Botha en Bertie Coetzee uitlig.”

Verder beveel hy die laataand Blues met Albert Frost, Gerald Clark en Natasha Meister ná 21:00 aan, en hy meen “die swaargewig-optredes met legendes soos Johan Bakkes, Jan Boland Coetzee, Jan Braai, Mariëtta Kruger en Regardt van den Bergh, is lekker kuier- en geselsprogramme waar die geselsery, gelag en twakpraterij met 'n sewegangmaaltyd afgewissel word”.

Feesgangers kan weer uitsien na De Vette Mossel se bekende seekos-spesialiteite soos knoffelbottermossels, Weskussnoek en soet-soetpatats, seekospot, kalamaristek en vars potbrode met plaasbotter.

– **Lynné Schoeman**
Vandag op die spyskaart:
 • **Sannie Fox en Albert Frost om 13:00.**
 • **Sanlam studententalente (gratis) van 18:00 tot 21:00.**
 • **Jack Plug and the Leads van 21:00 tot 23:00.**



Rus vir die siel
 Johnny (8) en Pietie (7) span uit saam met Celia Hattingh. Hulle is van van Montagu. FOTO: NATALIE GABRIELS

Tweeplaatstoof reg vir studente en klein huise

“Die meeste jongmense woon in klein woonstelletjies, waar daar skaars plek is vir 'n oond. Dis hoekom hierdie tweeplaatstoof ideaal is vir studente.” Só sê Frederick Barnard tydens die bekendstelling van sy resepteboek *Le Stoof: Kook groot in 'n klein kombuis*. Barnard is besig om 'n bloukaas-en-biltong-aartappelslaai vir die gehoor in Die Khaya aanmekeer te slaan. Dié resep verskyn in *Le Stoof* (Publishing World SA), 'n resepteboek wat gemik is op kosliefhebbers met klein kombuise. “Hierdie resepte is nie net op studente gerig nie,” verduidelik Barnard,

“maar ook jongmense wat in hulle eerste woonstelle intrek, of die oueres wat in aftreeoorde bly. 'n Kitchenette het nie altyd genoeg spasie vir 'n stoof of 'n oond nie, so tweeplaatstowe is jou beste opsie.” Die idee vir sy boek het ontstaan toe dié gewese sjef besef het hoe doeltreffend mens met 'n tweeplaatstoof kan kook. “My huis se kombuis is 3x3 meter – dis kleiner as julle s'n,” knik Barnard in die gehoor se rigting. Barnard is lief vir kosmaak, maar “ek laat nie mense wat nie van bloukaas, knoffel, of vye hou in my huis toe nie,”

skerts hy. Bedags bestuur Barnard sy Stoof Studio en snags berei hy gourmetgeregte voor. “Ek het een keer 12 mense onthaal vir 'n Kersete en dit net met my tweeplaatstoof,” kondig hy trots aan. “'n Tweeplaatstoof is voldoende,” sê Rudi Swart, student aan die universiteit, wat self maaltye in 'n klein kombuis moet voorberei. “Ek weet nie eintlik hoe 'n oond werk nie, maar die meer kosvaardige student miskien.” Barnard is binnekort op DStv se Via (kanaal 147) te sien, waar hy resepte uit *Le Stoof* gaan demonstreer.

– **Mila de Villiers**

TROTSE WYNVENNOOT VAN DE VETTE MOSSEL BY US WOORDFEES

Universiteit Stellenbosch

Woordfees

T: +27 23 349 1601
 E: info@dutoitskloof.co.za
 www.dutoitskloof.co.za
 Volg ons by Du Toitskloof Wines & @DuToitskloof

DuToitskloof
 RAWSONVILLE **Wyne**

Nie te koop aan persone onder die ouderdom van 18 nie.

Musiek

Bly jy of inry jy?



Kortfilms word daagliks by die opskiet-fliekteater by Die Khaya in Ryneveldstraat gewys.
FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Vaardig, maar dié program te eentonig

Handel se Duitse Arias. Klassieke musiek. Dit was op 4 Maart om 18:00.

'n Ideale konsertprogram is vol variasie. Dit het moontlik 'n sterk tema waarbinne die items inpas, maar selfs dan verskaf verskeidenheid genot aan 'n gehoor. Dít het hierdie konsert 'n mens nie juis gebied nie.

Vrydagaand het die gehoor 'n uitvoering van nege Duitse Arias (HWV202-210) deur GF Handel gekry. Op die verhoog was die US Barokensemble, bestaande uit Louis van der Watt (barokviool), Charlotte Berger (traverso en barok-hobo), Peter Martens (baroktjello), Martin Berger (klavesimbel) en Mario Nell (kamerorrel). Saam met hulle die twee sangeresse, Lauren Dasappa (sopraan) en Minette du Toit-Pearce (mezzosopraan).

Die idee is dalk dat die nege *da capo*-arias saam uitgevoer

word, maar helaas ná die derde een klink dit maar alles dieselfde. Ja, die tempo's wissel, maar in stemming en struktuur is dit byna eenders.

Dasappa het heel mooi gesing, maar haar stem het teen die einde moeg geraak. Maar dit gebeur in 'n konsert waar 'n sanger weinig rustyd kry. Sy het immers vier van die arias ná mekaar gesing.

Du Toit-Pearce was stewig in haar sang, hoewel die tessituur by tye te hoog vir haar geklink het.

Die samespel van die ensemble was nie deurgaans na wense nie, en 'n mens het die idee gekry hulle kon dalk nie veel repetisie-tyd inpas nie. Dit is jammer dat hierdie bedrewe span musici so 'n eentonige program aangepak het. Dalk sou 'n instrumentale werk of twee tussendeur opwinding verskaf het.

Al wat ek weet, is dat ek nie gou weer 'n Duitse aria van Handel wil hoor nie. – **Wayne Muller**

Musiekspyskaart

Liefhebbers van opera en barok-musiek kry vanjaar 'n musikale bederf met die uitvoering van die Britse komponis Henry Purcell se opera *Dido and Aeneas*.

Dit word op die planke gebring deur die Kaapse barokgroep Cape Consort, met regie deur Mari Borstlap. Die barokspesialis en -tjellis Hans Huyssen is verantwoordelik vir die musikale leiding en 'n groep instrumentaliste begelei die sangers.

Purcell (1659–1695) het die opera vir 'n meisieskool gekomponeer, en dit het sy eerste opvoering in Chelsea, Londen, in 1689 gehad. Die libretto van die digter Nahum Tate is op Virgilius se Aeneid gebaseer.

Teen die einde van die opera sing Dido een van Purcell se bekendste arias, "When I am laid".

Die rolverdeling sluit in Lente Louw (sopraan) as Dido en Willem Bester (tenoor) as Aeneas, asook die soprane Elsabé Richter en Antoinette Blyth, en kontratenoor Nick de Jager.

Die Stellenbosse Universiteitskoor, wat verlede maand 'n Fiësta gewen het, vier hul 85ste verjaardag met etensuurkonserte Donderdag en Vrydag. – **Wayne Muller**

DIE AFRIKAANSE TAALMONUMENT

kultuur, natuur, plesier

PAARL



Kursusse en Werkswinkels

Courses and Workshops



Inleidende Museumkudkursus
Introductory Museum Studies Course

4 - 6 Mei



Rekordbestuurwerkswinkel
Records Management Workshop

4 - 5 Julie



Argiefwerkswinkel
Archiving Workshop

6 - 8 Julie

Later in die jaar:

- Boekherstel / Book Repair
- Skryf beter Afrikaans

Navrae/Enquiries: Amira Clayton

021 863 0543/4809

kommunikasie@taalmonument.co.za

Tel. 021 863 0543 / 4809 www.taalmonument.co.za

Afrikaanse Taalmonument

@taalmonument



'n agentskap van die
Departement van Kuns en Kultuur

USSO

Ambisieuse keuses en 'n ryk klank

Universiteit Stellenbosch-simfonieorke. Klassieke musiek. Dit was op 4 Maart om 20:00.

Die Universiteit Stellenbosch se simfonieorke (USSO) het Vrydagaand 'n ambisieuse program aangepak, maar ook 'n program wat veel sê oor dié orkes.

Eerste aan die beurt was 'n huldeblyk aan Suid-Afrikaanse komponis Michael Mosoeu Moerane, daarna Beethoven se "Keiser"-konsert met Ben Schoeman as solis, en ná die pouse Anton Bruckner se Simfonie no.3 in D mineur, WAB103.

Moerane is in 1909 in Le-sotho gebore, maar het later in Lovedale in die Oos-Kaap skool klaargemaak en toe aan die Fort Hare-universiteit gestudeer. Benewens komponis, was hy ook 'n pianis en koorleier.

Hy was die eerste swart persoon in Suid-Afrika wat 'n musiekgraad verwerf het – van Unisa in 1941. In 1981 is hy oorlede.

Die USSO het sy "Fatse la heso", oftewel "My land", gespeel. Dit is 'n simfoniese gedig waarin hy klankbeelde van die land skep. Die styl is eklekties in die sin dat dit tradisionele Afrika-musiek vervleg met wat 'n mens meer

"klassieke musiek" sou noem.

Dit is 'n opwindende werk en boei deurgaans. Boonop het die orkes hier goed omgegaan met die talle klankskette. Die orkes, wat grotendeels uit US-studente bestaan, het die saal – byna volgepak – met 'n sterk en ryk klank gevul. Daardie klank het veral goed te pas gekom in die Beethoven-concerto (no.5 in E-mol majeur) – die komponis se laaste klavierkonsert.

Die gebore Pretorianer Ben Schoeman het met flair gespeel, hoewel ek hom al met meer bravura op die verhoog ervaar het. Soms het 'n mens ook gevoel hy kon 'n selfs ryker klank uit die klavier gekry het. Vinnige passasies kry hy met gemak en met goeie tegniek uitstekend gedaan. Hy kon ook staatmaak op goeie ondersteuning van die orkes.

Maestro Corvin Matei – wat altyd 'n stewige hand op die orkes het – het as finale werk Bruckner se lywige Derde Simfonie gekies. Dié werk duur ongeveer 'n uur, en dit het stamina van die instrumentaliste geveeg om enduit die energie te behou.

Met dié simfonie het hulle weer eens 'n kragtige klank voortgebring en oortuigend gespeel. – **Wayne Muller**



Erik Dippenaar, orrelis en klavesinis, bederf gehore met Corelli, Elgar en Handel.

Blokfluit en klavesimbel raak liries

Arcangelo Corelli se musiek is van-aand hoofsaak in ’n konsert deur twee instrumentaliste wat in barokmusiek spesialiseer. **Wayne Muller** het met blokfluitspeler Stefan Temmingh en klavesinis Erik Dippenaar gesels.

Die blokfluitspeler Stefan Temmingh is terug in sy geboorteland om vir die eerste keer by die Woordfees op te tree. Saam met die plaaslike klavesinis en orrelis Erik Dippenaar voer hulle ’n program op van werke van Arcangelo Corelli (1653–1713) en komponiste wat deur sy musiek beïnvloed is.

Stefan is die seun van die ontslape komponis Roelof Temmingh, wat indertyd aan die Universiteit Stellenbosch se Konservatorium klasgegee het.

Oor die keuse van Corelli se musiek vir die konsert, sê Temmingh: “Corelli is die vader van die baroksonate.”

Dippenaar voeg by dié komponis se musiek in sy lewyd tyd wyd gespeel, maar ná sy dood het dit selfs meer gewild geword. “Veral sy opus 5-viool-sonates, asook opus 6 concerti grossi, was regoor Europa geliefd.”

Die opus 5-sonates het as model gedien vir die werke van Telemann, Vivaldi, Geminiani en Handel wat ook in hierdie konsert gehoor word.

Oor of Corelli se musiek by hom aanklank vind, sê Temmingh: “Natuurlik! Anders sou ek dit nie speel nie. As solis en ensemble-leier besluit ek self watter repertorium ek wil speel, en kies dan altyd stukke waarvan ek hou.”

Vir Dippenaar, wat ook môre ’n uitvoering in die Orrelweek-konsertreeks gee, gaan dit oor méér. “Omdat Corelli as model gedien het in verskeie aspekte van latere komposisies in die Italiaanse styl, voel sy



Stefan Temmingh

musiek vir my amper soos die gedistilleerde essensie van Italiaanse barokmusiek. Daarom is dit lekker om terug te gaan na Corelli, want dis asof jy teruggaan na die wortels van hierdie styl,” sê hy.

Die twee musici neem hierdie konsertprogram later vandeesmaand op ’n landwyd toer, en op 18 Maart in Bloemfontein lewer hulle die wêreldpremière van Hendrik Hofmeyr se Concerto vir Blokfluit, Klavesimbel en Orkes wat vir hulle geskryf is. Die kombinasie van blokfluit en klavesimbel is vir Dippenaar besonders.

“Dit is twee instrumente waarvan die klankkleur en -tekstuur geheel en al verskil. Die liriese aspekte van die blokfluit gekombineer met die ritmiese vitaliteit van die klavesimbel komplementeer mekaar,” sê hy.

Boonop speel Dippenaar op ’n presiese kopie van ’n vroeë 18de-eeuse Italiaanse klavesimbel wat by uitstek geskik is vir hierdie musiek. Daar is slegs enkele klavesimbels in hierdie styl in Suid-Afrika.

- **Corelli & Co. kykNET Endler. Vandag om 18:00.**
- **Orrelweek. NG Moederkerk. Daagliks tot 11 Maart, 13:15.**
- **Dippenaar speel op 9 Maart.**

Anzél + Ben = Voortreflik

Anzél Gerber en Ben Schoeman – Tjello en klavier. 5 Maart.

New York, Wene, Stellenbosch – wêreldklas, enige plek.

Met hierdie vertoning het die tjellis, Anzél Gerber, en pianis, Ben Schoeman, hul status as van ons voorste musici weer onderstreep.

Die duo, wat al in verskeie groot konsertsale van die wêreld opgetree het, het drie werke van Franse komponiste uit die Romantiese tydperk uitgevoer in ’n byna vol Endlersaal. Die onderlinge aanvoeling tussen dié twee is merkwaardig en die klanke van hul onderskeie instrumente vloei pragtig ineen.

Beide Camille Saint-Saëns se Sonate in C mineur vir Tjello en Klavier, opus 32 en Claude Debussy se Sonate vir Tjello en Klavier is ernstige werke met ’n sekere stemmigheid. Die sonate van Saint-Saëns is gedurende 1872 gekomponeer en die lyding van sy vriende as gevangenis tydens die Frans-



Anzél Gerber

Pruisiese oorlog sou ’n invloed hierop hê. Debussy se werk is laat in sy lewe gekomponeer (1915) en die omstandighede rondom die Eerste Wêreldoorlog en die komponis se stryd teen kanker vind beslag in die werk.

Die derde werk, César Franck se Sonate in A majeur vir Tjello en Klavier is oorspronklik vir viool geskryf. Die klaviergedeelte is uitdagend, met groot spronge wat verlang word, en is meesterlik deur Schoeman vertolk.

Elkeen van die drie werke het ’n daverende toejuiging van die gehoor ontvang. As toegif is ’n roerende vertolking van Anton Rubinstein se “Rêve Angélique” gelewer. Hierdie werk is deur die duo verwerk vir tjello en klavier en hulle het ook ’n goue medalje daarvoor verower by die Global Music Awards in die afdeling vir klassieke musiek. Volgens Schoeman is dit tydens die Tweede Wêreldoorlog buite gevangenskampe gesing. Met hierdie werk wil hulle graag ’n boodskap van vrede en geluk uitdra in die onstuimige tye waarin ons lewe. – **Johan van Tiddens**

Musikhaus
W. HEUER
www.wheuer.co.za



Klaviere en
musik
instrumente



Stellenbosch 021 887 2938

Skrywers en boeke

'n Wêreld verby Grabouw

Ronelda Kamfer: Hammie. HB Thom-Foyer. Die geleentheid was gister.

Kaapse woorde is meestal ongeskryf.

Só het die digter Ronelda S. Kamfer gister in die HB Thom-foyer in gesprek met Annemarie van Niekerk gesê oor haar jongste bundel, *Hammie*. In die gehoor was mense soos die literator Louise Viljoen en die bekroonde skrywer Ingrid Winterbach.

Die woord "Hammie", het sy skertsend gesê, het sy uit 'n vers van haar man, die digter Nathan Trantraal, gesteel. Die woord, in Kaapse streektaal, is hoe dié digterspaar hul ma's aangespreek het.

En dit is dan ook die kern van die bundel: die dikwels komplekse verhouding tussen moeder en kind.

En wanneer sy uit die vers "Die skoonmakers" lees, eggo die stilte oor die meestal wit gehoor: "ek kom van 'n lang lyn van domestic workers / my kinderjare was gevul met subtle hints / van hoe om 'n vloer te strip en polish."

Maar hier, voor mense soos dié en met die draaitrap van die teater wat agter die sprekers



Annemarie van Niekerk en Ronelda Kamfer gesels oor Hammie. FOTO: NATALIE GABRIELS

opkrul na die balkon, hier bevestig sy juis dat sy die "lang lyn van domestic workers" gebreek het.

Kamfer, wat die eerste paar jaar van haar lewe by haar grootouers in Grabouw op 'n appelplaas grootgeword het voor sy Kaap toe na haar ma is, het intussen danksy haar skryfwerk, die wêreld gesien.

"Ek onthou toe ek die eerste keer in Frankryk was, toe ek die Eiffeltoring sien, het ek gedink dit remind my aan die ligte van die

Kaap wanneer jy oor Sir Lowry's-pas ry," het Kamfer gesê.

En onder luide gelag: "Dit was vir my baie weird, want daai was steeds vir my mooier [as die Eiffeltoring]."

Kamfer het vertel hoe sy en van haar vriende eenkeer op die hoek van 'n straat gesit het en met mekaar hul "impossible dreams" gedeel het.

"Vir jongmense in 'n township was dit die usual: ek wil net deur

high school kom sonder om pregnant te raak... toe sê ek, ek wil die Eiffeltoring sien. Dit was baie random, maar ek het dit nie regtig geglo nie."

Vir Kamfer was dit 'n reis van Grabouw na Blackheath, die Kaapse Vlakte, Europa... en weer terug na die begin, want danksy die Jan Rabie- en Marjorie Wallace-skrywersbeurs moet sy wikkelt met navorsing aan haar eerste roman. – **Jo Prins**

Dié waarheid is soeter as enige fiksie

Sugar Man: The Life, Death and Resurrection of Sixto Rodriguez. ATKV-boektent. Die geleentheid was gister.

Die storie van Sixto Rodriguez se opstanding is nou al eintlik ou nuus, maar die storie van Craig Bartholomew Strydom en Stephen "Sugar" Segerman is waarskynlik nét so fassinerend.

Dié twee here is natuurlik die manne wat die spreekwoordelike naald in 'n hooimied opgespoor het toe hulle ná jare se gesoek vir Rodriguez opgespoor het. Dit in 'n tyd toe 'n mens nie vinnig op Google kon spring nie.


Wanneer Strydom en Segerman praat oor hul reis, en die vele, vele kinkels, om uiteindelik by Rodriguez uit te kom, kan 'n mens nie

anders as om jou kop in ongeloof te skud nie.

Hulle het gewoon die onwaarskynlike spoor gevat en gesien waarheen dit hulle lei. En hoewel aanvanklik 'n doolhof, het leidraad op leidraad hulle eindelijk tot by die man self in Detroit in die VSA geneem.

En aan die anderkant van die wêreld in Suid-Afrika, amper in 'n parallelle universum, was dié ob-skure man 'n rockster – kon baby boomers in hul koshuiskamers op universiteit en dienspligtiges woord vir woord "I Wonder..." saamsing.

"Iets wat ek tot julle krediet moet sê, in die boek kom julle nooit oor as twee ouens wat nou sê: Kyk, ons het nou arrive nie, ons is nou belangrik nie," het



Danie Marais, wat die gesprek gelei het, gesê.

"Julle vertel dit soos twee gewone ouens wat toevallig op hierdie fantastiese reis gegaan het.

Dit is, ten spyte van al die tragedie, wonderlik om te lees."

Wat die boek ook interessant maak, is hoe die skrywers te werk gegaan het om 'n verhaal te vertel waarin hulleself hoofkarakters was.

In die outeursnota aan die einde van die boek verduidelik hulle: "Op die ou einde het ons inspirasie geput uit die boek *All the President's Men*, waarin Carl Bernstein en Bob Woodward die probleem oplos deur oor hulleself in die derde persoon te skryf..."

En die uiteinde is? Strydom en Segerman het 'n moerse avontuur gehad en het Rodriguez as 't ware vir ons uit die dood opgewek.

Sugar Man: The Life, Death and Resurrection of Sixto Rodriguez het verlede jaar by Penguin verskyn.

– **Jo Prins**

Brynard ondersoek Goemans se Honolulu King

Ziekzoekers tot Honolulu King: Anne-Gine Goemans. 12 Maart om 10:30.

Die Nederlandse skrywer Anne-Gine Goemans besoek vanjaar die Woordfees met haar nuwe roman, *Honolulu King*.

Anne-Gine is bekend vir haar romans *Ziekzoekers* (wat met die Anton Wachterprys bekroon is) en *Glijvlucht* (waarvoor sy die Dioraphte Jongeren Literatuur

Prijs ontvang). Haar derde roman, *Honolulu King*, belooft om van dieselfde kaliber te wees.

Resensente prys haar reeds vir 'n "meeslepend verhaal" (*Opzij*), 'n "ontzettend spannend boek, grappig, maar ook heel tragisch" (*Kunststof*) wat "een pareltje binnen de Nederlandse literatuur" (*De Lees Fabriek*) is. Honolulu King is 'n meesleurende verhaal oor skuld, boete en wraak. Wanneer die 80-jarige Hardy lid word van

'n Vrymesselaarsgilde en bieg oor 'n ontsettende misdaad, stel hy sy Vrymesselaarsbroers, wat nooit uitpraat nie, voor 'n dilemma: durf hulle oor 'n misdaad stilbly hou? *Honolulu King* is gebaseer op 'n ware verhaal wat die leser intrek by 'n periode in die Nederlandse geskiedenis waarvan min mense weet.

Karin Brynard, wenner van die Universiteit van Johannesburg Debuutprys vir Skeppende Skryf-

kuns (2009) en die M-Net Letterkundetoekenning in die rolprent-kategorie (2010) vir haar roman *Plaasmoord*, sê van die boek: "Een van die mees sidderende boeke wat ek in jare gelees het. *Honolulu King* is spannend, tragies, komies en diep-diep boeiend – dit gryp groot kwessies soos kolonialisme, oorlog en onthou en vergeet aan."

Karin Brynard se gesprek met Anne-Gine Goemans belooft om 'n feeshoogtepunt te wees.

Totius met respek gehuldig

Totius: Die rus is elders. kykNET Fisser. 10 Maart om 11:00.

Hierdie is 'n huldeblyk aan Totius wat laasjaar met die negentigste viering van Afrikaans as amptelike landstaal geskep is. Met *Totius: Die rus is elders*, word die lewe en werk van Jacob Daniël du Toit (21 Februarie 1877 – 1 Julie 1953) in die kollig geplaas, met aangrypande getoonsette gedigte en vertellings.

Op die verhoog is daar drie vroue: Olga Leonard (klavier), Babette Viljoen (stem en trekklavier) en Izelle Claassen (viool). Daar was ook iets wat in 'n stadium soos 'n marakka geskud is, dit het nogal 'n lekker tittel ritme verleen. Te heerlik.

By 'n lessenaar sit die verteller van die verhaal, Franco Loots. By die ander fees het hulle die gesoute akteur Louis van Niekerk gebruik. Loots het dus groot skoene om vol te staan, Van Niekerk se sterk stem dra baie gravitas.

Hy is 'n perfekte plaasvervanger en het homself puik van sy taak gekwyt. Op 'n skerm agter op die verhoog word jy deur Totius se lewe reg van sy kinderdae tot by sy dood geneem. Sy lewe was nie maklik nie. Kleintyd is hy blootgestel aan die vroegetydige dood van sy ma, en erge armoede.

Later is hy gebrandmerk en verwerp omdat hy dit durf voorstel het om *Die Bybel* in Afrikaans te vertaal. Hy verloor twee kinders. Dit word alles van illustrasies voorsien soos met 'n boek se blaai wat stadig oopgaan en blaai terwyl Loots sy lewensverhaal van sy lessenaar af voorlees.

Met verskeie pouses tussendeur speel die trio musici musiek en sing Babette Viljoen getoonsette gedigte. Die hele stuk is goed ingeef, soepel, sterk, weergaloos, met eerste klas ensemblespel. Pierre-André Viviers se teks en regie verdien erkenning.

Totius was onlangs in die nuus toe studente aan die Noordwes-Universiteit betoog en vereis het sy standbeeld moet voor die hoofgebou waai. Die produksie kon waarskynlik aan dié kwessies geraak het, maar dit val duidelik nie in 'n politieke of agitpropgenre nie, so waarom moet dit. Die stuk is in ieder geval geskryf voor die onlangse politieke gewelddadigheid. Die protesteerders be- weer hy het *Die Bybel* gebruik om apartheid te regverdig. Wat ook al 'n mens se standpunt hieroor is, onthou tog net: O Tempora! O Mores! Juistement. – **Herman Lategan**

Mystic nag vir Valiant



Valiant Swart gisteraand op die verhoog by Neethlingshof waar hy die 20ste verjaardag van sy debuutalbum, *Die Mystic Boer*, en sy jongste uitreiking, *Nagrit*, saam met musiekvriende gevier het. Hy doen ook vandag en Donderdag om 11:00 by die Eendracht Hotel voorlesings by Lidi van Schalkwyk se uitstalling *Ek het die toorvoël hoor fluit*. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT



Die Woordfees se eerste boek. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Kry jou kopie van 'Bly', fees se bundel!

Die Woordfees hoop om met 'n eerste kortverhaalbundel, wat Saterdag by Die Plataan bekend gestel is, Afrikaanse skrywers te vereer én feesgangers te bedank vir volgehoue ondersteuning.

“Skrywers lewer elke jaar 'n onmeetbare bydrae tot die Woordfees se sukses,” sê skrywersfees-koördineerder Madri Victor.

“Die gedagte is om jaarliks 'n bundel te publiseer en só 'n versameling op te bou wat sprekend is van die hoë gehalte skryfwerk waarvoor die Woordfees-geleentheid bekend is, en wat oor 'n dekade of meer sal kan staan as 'n dokumentering van ons tydsges.”

Die samestellers – Anastasia de

Vries, Suzette Kotzé-Myburgh en Madri Victor – het 99 inskrywings deurgewerk en op die ou end 24 kortverhale gekies – nuutgeskrewe stories wat nog nêrens anders te siene is nie.

“Vir vanjaar se bundel kon skrywers deelneem wat al voorheen in papierformaat gepubliseer is,” verduidelik Madri. Dit sluit rubriekskrywers vir koerante en tydskrifte in.

Die kortverhaalbundel is by die ATKV-boektent te koop en kos R240. Daar is 'n beperkte oplaag, en enige eksemplare wat oorbly, sal weer volgende jaar op die Woordfees-rakke wees. Daar word reeds beplan aan die 2017-bundel.

PERSOONLIKE VERTELLINGS

Ma's se gedeelde pyn inspireer

My kind, my memoire. Skrywersfees. HB Thom-Foyer. Dit was gister om 15:30.

In die lig van die lang vensters sit 'n gepakte foyer vol mense. Drie vroue, kwesbaar-sterk, neem hul plekke in en wikkel-wikkel om behoorlik sit te kry. Twee is bewapen met hoede. Akkerbome wieg heen en weer – dié Boland het 'n vreemde bui...

Drie vroue se uiteenlopende stories met 'n goue draad wat deurloop: Verlies of siekte van 'n geliefde kind. Die lewe het 'n moord vir een gedeel, 'n vreemde breinsiekte vir die ander en die derde skisofrenie.

En nee, hierdie is nie fiksie nie. Dié is die ware verhale van ouers en gesinne wat oor jare heen van die ergste trauma moes oorkom. Dié vroue het die pen opgeneem en al daardie pynlike plekke weer gaan besoek. Maar hierdie is nie 'n dermuitrygssessie nie, dis bloot menslike vertellings.

Op die flaptteks van Douwleen Bredenhann se boek, *'n Hemelhoë hekkie* (Tafelberg) lees 'n mens: “Op 26 Februarie 1988, 'n Vrydag-aand, het Douwleen Bredenhann



Juliana Coetzer, Douwleen Bredenhann en Marga van Rooy. FOTO: NATALIE GABRIELS

haar dogter Liesl by die balletklas gaan haal en begin kosmaak.”

'n Doodgewone gegewe. En dan dié vuishou in die maag: “Liesl is agerplaas toe om haar hondjie te gaan kos gee. Minute later is sy vermoor...”

Die akkerbome wieg... niemand sê 'n woord nie. Hoe verwerk 'n mens nou eintlik die moord van 'n kind?

En dan kom 'n alledaagse gesin met gelukkige, gesonde kinders aan die bod. Meteens is daar fout

met hul huppelkind, en die sewejarige Anneke word siek en draai by die dood om.

Sy herstel ja, maar die gevolg is breinskade en haar verstandelike agteruitgang is elke maand meer sigbaar...

In Juliana Coetzer se *Bloedvreemd* (Jonathan Ball), speel dié roerende verhaal af. Dis die verhaal van 'n ma wat probeer om haarself en haar gesin heel te hou en vrede te maak met 'n kind wat as't ware voor haar oë iets of iemand anders word.

Hulle probeer alles, van alternatiewe behandelings tot 'n vreemde dieet, en gaan draai selfs by TB Joshua, die Nigeriese profeet.

En dan die boek van die bekende Marga van Rooy met haar dogter Henriëtte Boot, *Marga & Henriëtte: In die skadu van skisofrenie* (Lapa).

Boot het in 1986 op universiteit begin siek raak en is eindelijk met skisofrenie gediagnoseer. Nou, 30 jaar later, het ma en kind vrede gemaak met die siekte, maar meer belangrik, ook met mekaar.

Wat *Marga & Henriëtte* soveel te meer besonders maak, is dat ma en dogter al om die beurt aan die woord is. Dieselfde gebeure word uit verskillende uitgangspunte getakseer.

Die konsep van *My kind, my memoire*, is iets wat die fees gerus verder kan uitbou in 'n meer interaktiewe produksie. – Jo Prins

DIE BOEKKLUB

almal het 'n storie...

🐦 @kyknettv #boekklub kyknet.tv



kykNET

Dinsdae 20:30

DStv